

# Ocmis se balk- en kruipspuit veg saam teen die droogte



**Jan van Wyk van die plaas, Leeufontein, naby Wolmaransstad, en sy seun, Jacques, is ingenome met die Ocmis-spuit se basiseenheid, veral omdat al die staalgedeeltes heeltemal gegalvaniseer is.**

"As die voerprys die hoogte inskiet, moet 'n mens maar met voer begin boer," meen Jan van Wyk van die plaas, Leeufontein, naby Wolmaransstad. Hy het die afgelope twee jaar altesaam net 200 mm reën gehad terwyl sy gemiddelde reënval meer as 450 mm per jaar behoort te wees.

Omdat Jan baie ondergrondse water op die plaas het en daar tans 'n uitstekende aanvraag na lusern is, het hy noodgedwonge besluit om dié gewas aan te plant om te probeer munt slaan uit die droogte.

## Italiaanse swier

Op Nampo het Jan vir Tobie van den Heever van Irrigation Unlimited ontmoet en hy was baie beïndruk met die Ocmis 300-spuit. Hy het daar en dan 'n hele pakket gekoop wat bestaan uit die basiseenheid en twee karretjies, een met 'n kanonkop of klapspuit en een met 'n lineêre balkspuit.

"Ek kon dadelik die Europese vakmanskap in die spuite sien en ek was veral beïndruk met die gerief waarmee dit hanteer word." Ocmis se fabriek is in die stad, Modena, in Italië, wat ook bekend staan as die "stad van enjins", omdat Ferrari, Lamborghini en Maserati ook

daar vervaardig word.

Jan het verskeie besproeiingsbehoefes op sy plaas. Tans plant hy net lusern wat laag groei waarvoor die balkspuit baie geskik is omdat dit ook laag is en 'n fyn sproei regstreeks op die gewas kan spuit. Die klapspuit aan die ander kant kan gestel word om verskillende sektore te benat en kan later ook gebruik word vir hoër gewasse soos mielies.

## Reglynig, waterpas en lineêr

Ek kan die opgevoede balkspuit maklik met my trekker tot langs die luserland trek en dit in 'n japtrap opslaan," vertel Jan. "Nou trek ek selfs die oopgevoede spuit en basiseenheid met die trekker bloot heen-en-weer langs die land om die verskeie stroke te benat.

"Sodra die basiseenheid en balkspuit of klapspuit op sy plek staan, word die ankervoete hidroulies in die grond vasgeskop. Die karretjie met die spuit word agter die trekker gehaak en 300 meter ver uitgesleep tot die waterpyp afgerol is.

"Wat my verstom, is die manier waarop die spuit homself leegmaak sodra die toevoer kraan toegedraai word. Die balk sak self aan die een kant tot al die water by die spuite uitloop en dan sak die ander kant se arm om dieselfde te doen," sê Jan met bewondering.

"Wat lekker is, is dat die watertoewoerpyp in 'n reguit lyn uitgetrek word en weer op presies dieselfde spoor ingetrek word, sodat jong gesaaides nie versteur word met 'n pyp wat in 'n boog ingetrek word nie."


Die balk wat Jan saam met sy Ocmis gekoop het, is 38 meter lank, maar die water se reikwydte is 45 meter. Die

spuitkoppe wys agtertoe sodat die spuit se wiele altyd op droë grond loop. As die veld ongelyk is, balanseer die balkspuit homself om waterpas te hang.

## Toets is glo

Jacques, Jan se seun, is die een wat in die tegnologie en tegniese besonderhede belangstel en hy het die fynere werkings van die spuite gou uitgepluis: "Vir die balkspuit pomp ons water uit die dam teen 36 000 liter per uur, wat net genoeg is om die spuit te voer. Die druk in die balkspuit is 1,5 bar en ons gebruik 4 mm-sproeikoppe. Ons werk dan volgens 'n tabel uit hoeveel water geplaas word. Elke sproeikop se grootte het ook 'n bepaalde kleur wat sake baie maklik maak. Tans spuit ons 50 mm water vir elf uur op die land wat 300 meter lank is. Ons het selfs 'n reënmeter in die land gesit en die spuit is ongelooflik akkuraat."

Alhoewel Jan nie vloei-bare kunsmis, onkruid-doder of 'n plaagbeheerder deur sy spuit stuur nie, kan dit gedoen word omdat die stelsel se binnekant gegalvaniseer is. Dit is net die turbine wat van aluminium gemaak is, maar 'n behoorlike spoelsessie na elke besproeiing sal verhoed dat die metaal weggevreet word.

"Ek moet ook sê dat ek baie beïndruk is met Irrigation Unlimited wat die Ocmis invoer. Ek sien regtig kans om nou baie meer lusern aan te plant met die Ocmis en as hierdie droogte nou nog langer gaan aanhou, is ek gereed vir hom," sê Jan. 

Kontak vir Tobie van den Heever van Irrigation Unlimited by 082-658-6054 vir enige navrae.



**Die balkspuit se filter is 'n stewige sif wat onlangs verhoed het dat 'n meerkat in die spuit beland.**



**Die Ocmis-balkspuit rol statig en stadig oor die luserland terwyl dit die grond deeglik benat.**